

Begripstoets Graad 6

Jessica ruik granate

Marita van Aswegen

Jessica sou graag wou toneelspeel vir die entrepreneursdag by die skool. Sy hou daarvan om iemand anders te word- 'n heks, 'n ouma of sommer net 'n ander karakter. Dit maak haar dolgelukkig wanneer haar lang, bruin bene, onder 'n mantel weggesteek is, haar blonde hare bedek is deur een of ander pruik en sy met 'n vreemde, krakerige stem praat sodat niemand kan hoor dat sy eintlik brei nie. Of as sy 'n spook kan wees en haar nat, klam vingers oor die simpel Wanda se gesig kan vee. Sy kry tot in haar kleintoontjie lekker wanneer sy die wonderlike Wanda , wat dink sy is die rykste, die mooiste en die slimste in die skool, bietjie tweede kan laat kom.

Maar toneelspeel sal nie uitwerk nie. Die skoolhoof het gesê die een wat die beste verkope doen, mag vir die res van die jaar sy of haar produk by die skool verkoop en so 'n eie besigheid opbou.

Sy kan tog nie elke dag van die jaar 'n ander toneel opvoer nie. Sy het geld broodnodig.

William, haar gunstelingnefie, wat nou in London bly, wil hê sy moet kom kuier. 'n Vliegtuigkaartjie skop jy nie agter elke bos uit nie. Verseker nie agter die twee besembosse in hulle tuin in die middelklas woonbuurt waar sy en haar ma woon nie.

Jessica swaai haar bene opgewonde oor die armleuning toe 'n plan in haar kop vorm aanneem- sy het William se ma mos gereeld help fudge maak voordat hulle geëmigreer het. Tannie Sue se fudge resep is uniek. Die hoofbestanddeel is nie kondensmelk nie, maar room. Die skoolkinders sal dol wees daarvoor.

Sy haal haar bliktrommeltjie uit die hangkas. Toe sy dit oopmaak, kry sy die geur van die granaat-potpourri-sakkie wat sy daarbinne bêre. Granate laat haar altyd aan geld dink.

Sy SMS gou haar beste vriendin, Lizzie, oor haar plan.

Lizzie hou ook van toneelspeel, maar sy gee gou moed op as iets nie uitwerk nie. Dan gaan sit sy eenkant en kou haar naels en laat haar lang swart hare oor haar gesig hang sodat die ander nie moet sien as sy *depro* slaan nie.

Moet nie eens probeer nie, almal gaan fudge maak...kom die boodskap terug. Gaan Jessica haar spaargeld mors? Wat kan sy anders doen om geld te maak?

Sy tob nie lank nie. Sy spring regop en roep hardop uit: “As ek nie probeer nie, sal ek nooit weet nie! As hulle my fudge eers gproe het, sal hulle nie die ander s’n koop nie.”

Sy dink weer so toe sy drie ure later aan ‘n stukkie romerige, goudbruin fudge proe wat sy gemaak het. Sy pak die groterige blokke in ‘n bak. Hoe gaan sy maak dat die kinders haar fudge bo die ander s’n verkies? Die selfoon biep-biep...

Ek weet nou al van ses meisies wat fudge maak, Wanda ook.

Jessica se moed sak in haar skoene. Lizzie se nuus het haar weer moedeloos. Dat die fudge lekker proe, is nie meer genoeg nie, dit moet iets anders hê, dit moet anders...lyk! Sy spring van die stoel af op. Natuurlik! Hoekom het sy nie daaraan gedink nie? Sy begin dadelik werk.

Tienuur roep haar ma uit die kombuis: “Jessica, jy weet hoe jy sukkel om wakker te word as jy te laat gaan slaap. Jy moet in die bed kom.”

Sy verslaap nie. Sy is te opgewonde.

Haar hart klop vinnig toe sy die skoolsaal binnegaan. Die deelnemers is besig om hul produkte op die tafels uit te pak. Sy loop by ses tafels verby met sakkies fudge. Wanda se fudge is in klein boepens botteltjies. Sy staan agter die tafel en wag vir kopers om te kom.

Lizzie val langs Jessica in. “Het jy toe fudge gemaak? Hier is massas fudge. Wanda s’n is die mooiste.”

Jessica sit die boks fudge neer op die tafel waar sy dit moet uitpak. Sy gooi die helderrooi tafeldoekie wat haar ma vir haar gegee het oor en vou die boks se flappe stadig oop.

Lizzie loer in. Sy slaan haar hande saam en roep uit- “Haai, dit is flippen mooi met die plakkers daarop. Ek wil verseker een hê.”

‘n Paar kinders staan nader. Jessica pak die blokke fudge een vir een op die rooi tafeldoek uit en soos sy dit uithaal, word dit deur gretige hande opgeraap.

“Ek gaan dit vir my ou gee, ek hou van die woorde daarop- Ek smaak jou kwaai”, lees een van die meisies.

“Baie kunstig”, se die kunsonderwyser terwyl hy oor die meisie se skouer loer. Jessica kyk op.

“Dankie, meneer”, sê sy.

“Ek gaan een vir my beste vriendin gee”, sê ‘n ander meisie.

“Dit is so anders- veral die plakker van die tweetjies wat so in die ronding van die sekelmaan sit”. “Waar kry jy die stensil?” vra Lizzie.

“William het dit vir my gestuur”, sê Jessica en vat geld by een.

“Wanda se fudge lyk baie mooi in die botteltjie, maar dis te duur”, sê ‘n seun en vat twee blokke van die tafel af. “Hierdie is mooi en ek hou van die prys! Perfek vir Valentynsdag!”

“Dit het daardie ietsie ekstra”, sê die hoofseun en vat die laaste vier blokke van die tafel af. “Meneer moet die klok lui. Hierdie tafel is eerste leeg, ek dink hier is ons wenner”, roep hy na die onderwyser wat by die tafel verbyloop.

“Jessica, is jou tafel al leeg? Jy het baie goed gedoen!” sê die onderwyser en lui die klok wat die wenner aandui.

Jessica glimlag. Haar neusvleuels beweeg liggies. Is dit moontlik? Sy ruik dan grante.

Deur die venster sien sy die spikkel van ‘n vliegtuig wat ‘n wit streep in die blou lug agterlaat terwyl dit deur die lug klief.

Vrae:

1. Wie is die hoofkarakter in die verhaal?
2. In die eerste vier paragrawe is die verteller aan die woord. Wat leer jy van Jessica?
 - a) Wat weet jy van haar huislike omstandighede?
 - b) Wat weet jy van haar drome?
 - c) Hoe lyk sy?
 - d) Watter van die volgende karaktereienskappe pas by Jessica?
Jessica dink te veel van haarself/ is propvol selfvertroue/ is skaam/ is selfbewus/ gee moed op nog voor sy begin/is

vasberade/ laat toe dat ander haar afknou/ laat nie toe dat ander mense op haar kop sit nie.

3. Aan wie se kant is die verteller? Jessica of Wanda s'n?
4. Aan wie se kant is jy? Hoekom?
5. Hoekom ruik Jessica granate in die laaste paragraaf?
6. Waarom is dit belangrik dat Jessica die vliegtuig deur die venster sien ?

